NGK Wellington-Noord

MacCronestraat 11 – Wellington – 7655
Tel/Faks: 021 873 2763 | **Pastorie:** 021 873 2765
Bankbesonderhede: ABSA, Wellington: 430 580 019
Like **www.facebook.com/wellingtonnoord**

E-pos adresse:
Francois Human: francois@wellingtonnoord.co.za
Johann Crous: crousjm@telkomsa.net
Marita Coetzee: marita@wellingtonnoord.co.za
Marius Otto: marius@wellingtonnoord.co.za
Johann Enslin: jenslin@hugenoteskool.co.za

25 Maart



Palmsondag

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
EEN LIGGAAM EN EEN GEES

Welkom by vandag se erediens!

Laat ons feesvier met die Ongesuurde brood van reinheid en waarheid

VANDAG SE PROGRAM

	Predikant Ds. Francois Human	Orrelis Stefan van Hansen
09:00	**Erediens**	
	Dienswerkers: Anton Rautenbach & Annamie Burger	
	DEUROFFER: ARBEIDSBEDIENING – Reeds sedert die 1980's bedien aangestelde geestelike werkers en vrywilligers in plaaslike aksies die werkplek met die Evangelie van Jesus Christus. Die fokusarea is: Bediening binne die Handel en Nywerheid; Transnetbediening; Visserbediening en Bediening aan die Seelui. Die belangrikheid van deurlopende ontwikkeling en welstand van werknemers in die werkplek word toenemend erken. 'n Tevrede werker wat geleenthede kry om persoonlik te groei, werk harder en meer effektief in die span. Ten einde te help om hierdie doel te verwesenlik, rus ons werkgewers en werknemers toe met Christelike waardes wat van toepassing is in die werkplek en persoonlike verhoudings. In samewerking met gemeentes ondersteun ons Woordbediening, pastorale sorg, maatskaplike hulpverlening en die verskaffing van toepaslike geestelike literatuur aan werkende Christene om geloofsgetrou te werk. Ons Arbeidsbediening aksies bereik jaarliks meer as 400 000 werkende mense binne die wêreld van werk.	
10:15	**Kategese**	
19:00	**Leefkerk:** Moederkerk	

GAAN BESOEK GERUS ONS WEBBLAD:
www.wellingtonnoord.co.za of ons **FACEBOOK-BLAD:**
www.facebook.com/wellingtonnoord

Baie dankie vir bankkollekte van R6 988 en deurkollekte vir Ma's-v-Wellington van R1 520

Alimentasie/Kospakkies

Baie Baie Dankie vir ruim bydraes wat ons reeds ontvang sodat ons weer ander in nood kan help. Alle bydraes is altyd welkom!

28 Maart 2018 – Skole sluit! 'n Baie aangename vakansie word ons lidmate toegewens!

Julle is die Sout vir die aarde

- **Water vir tuin** – Indien daar persone met boorgate of ander bronne is om dalk een keer 'n tenk water te bring vir die kerk se tuin. Kontak asb vir Marius oor wanneer dit gebring kan word.
- **Kerkalmanakke** in voorportaal. Let ook op Info op agterblad.
- **Eredienstye** vir kwartaal 1 en 4 – 09:00

Aanloop tot Goeie Vrydag

U word hartlik uitgenooi na 'n visuele boodskap, "Duister en Lig", begelei met 'n klankbaan van gedigte en musiek. Dit word op **29 Maart om 18:00** aangebied in NGK Wellington-Oos. Daar sal drie vertonings wees die aand. Die tweede vertoning vind plaas op dieselfde aand om **19:10** en die derde om **20:20.** Aangrypende uitbeeldings, geskilder deur sewe kunstenaars, word vertoon. Toegang is gratis. Deurkollekte om kostes te dek.

Bybelskool

BYBELSKOOL word weer aangebied op Dinsdagaand 27 Maart om 18:30 in die konsistorie en/of Woensdagoggend 28 Maart om 09:30 in die konsistorie. Enigeen is baie welkom om dit by te woon.

Wees 'n Lig vir die wêreld

Preek: 18 Maart – Johannes 12:20-35

Johannes 12 het kontraste, maar ook ironie wat plaasvind. 'n Klomp Grieke wil graag met Jesus gesels. Jesus sê Hy strewe daarna om dood te gaan. Dit is so ironies – hoe kan 'n mens strewe om dood te gaan? Watter "super power" wil streef om dood te gaan? 'n Super power" streef daarna om te lewe. Jesus moes doodgaan aan die kruis, sodat ons kan lewe. Jesus is gekruisg en het na drie dae opgestaan uit die dood uit – "super krag". Ons "super krag" lê in Jesus se kruisiging en opstanding. Dit is weer ironies dat om te kan lewe moet jy eers in jouself doodgaan – sterf in jou eie ego om te kan lewe in Jesus Christus. Nie meer "ek" nie maar "U alleen". Die Grieke wou in die naam van Jesus Christus lewe. Die kruis is eintlik die simbool van verlossing. Daar is twee soorte Christene – die navolgers en dan die bewonderaars van Jesus Christus. Wanneer jy in jouself sterf en Jesus volg stap jy ook 'n pad van lyding. Jesus wil hê dat ons vir ewig en altyd saam met Hom in die Hemel moet lewe. As jy nie glo in Jesus Christus nie, sal jy nie kan deel in die Ewige Lewe nie. Glo jy dat Jesus Chrustus vir jou gesterf het aan die kruis? Is jou saak reg om deel te hê aan die Ewige Lewe?

Belangrike Info!

Wellington Dienssentrum hou 'n **basaar** op DV Saterdag 7 April 2018 in die kerksaal van die Moedergemeente Kerkstraat. Die verrigtinge begin om 08:00 - Almal welkom.

30 Maart 2018 – Goeie Vrydag.
Nagmaal om 09:00 in ons kerk.

Gedenkpilare

Ons beplan om eersdaags met die oprigting van gedenkpilare te begin. Die instandhouding word deur die gemeente waargeneem, en die administrasie word deur die Kerkkantoor hanteer. Kopers maak 'n keuse uit beskikbare nisse, waarna'n bewaringsooreenkoms by die Kerkkantoor geteken word. Die gravering word deur die koper gereël, en is nie by die prys ingesluit nie. Skakel die Kerkkantoor gerus indien u meer inligting verlang, of solank u naam wil opsit vir die koop van 'n nis.

K O M M U N I K A S I E

Verjaarsdae!

Johan Steyn (25) – Karen Boraine (26) – Anna Hugo (26) – Freddie Janse van Rensburg (26) – Daan le Roux (26) – Dippie Steyn (26) – Janke Visagie (26) – Cassie Carstens (27) – Christelle Henn (27) – Fransi van Schalkwyk (27) – Carlé Human (28) – Magriet Louw (28) – Tharina Schweidler (28) – Charl Serdyn (28) – Johan Serdyn (28) – Henna Snyman (28) – Nadia du Plessis (30) – Jennifer Jordaan (30) – Pierre Malan (30) – Hunter Strauss (30) – Elmien van der Mescht (30) – Eslia van Huyssteen (30) – Cornelius van Schalkwyk (30) – Paula-Lee Marx (31) – Annelie Strauss (31) – Nina van der Merwe (31)

Lief en Leed

Ons dink in ons voorbidding aan Patrie Jordaan (kanker), Elize Henn (kanker), Oom Blom (kanker), Nico de Villiers (kanker), , Karel Basson (kanker) en Liezel Jansen van Vuuren (kanker)	

Kategese

25 Maart- Verrykings Sondag – Salem bybeltuin- Graad 4-10 **Graad 0-3: Angela Jooste, Carlize Groenewald, Ilandi Swart, Junetta Goosen, Louise van Merwe, Sugnét Brand (sameroepster), Talita Booysen, Anja Barnard** **Graad 4: Jan Brand - Graad 5 – 7: Dogters- Anne-Lize van Niekerk/Carlien de Jonge - Graad 5-6 seuns – DH van Niekerk - Graad 8-9 dogters – Elize Otto Graad 10-dogters – Karen Barnard - Graad 7 – 10 – seuns – MC Barnard**	